HORINGS: JA OF NEE?

Ben Fyfer

Afbeeldings van Nguni tipe beeste in Egiptiese grafkelders het almal horings. Indien natuurlike seleksie oor baie eeue heen plaasgevind het , “survival of the fittest”, waarom is daar so min natuurlike poenas?

Die poenskop faktor is teenwoordig, blykbaar ressesief dominant. Twee poenas sal altyd 'n poena teel, maar horingbeeste wat dit ressesief dra, kan per toeval 'n poena kalf gee. Wys die natuur en die eeu-oue assosiasie met hulle eienaars nie dat hulle eintlik veronderstel is om horings te hê nie?

By natuurlike poena bulle kom prolaps van die voorhuid dikwels voor. Daar bestaan 'n moontlike genetiese korrelasie tussen die poena faktor en prolaps van die baarmoeder by koeie. Maak dit dus sin om 'n trop poenas te teel?

Na 15 jaar se waarneming tussen onthoringde koeie en 'n trop met horings het etlike dinge vir my duidelik na vore gekom. Daar was in verhouding baie meer aborsies tussen die stompkoppe as in die horingtrop. Dit kan toegeskryf word aan die verskil in hul manier van baklei.

Die horingkoei gee die opponent 'n skraap of steek met die horing en die verloorder gee pad. Daar is ook 'n baie duidelike rangorde binne die horingtrop, iets waaroor hulle nie elke dag stoei nie. As hulle 'n paar maande nie almal bymekaar was nie (bv. Dektyd) sorteer hulle gou hulle rangorde weer uit sonder aborsies.

Die onthoringde koeie baklei met baie meer aggressie en geweld. Hulle stoei amper met mekaar soos bulle. Kry die sterker een die kans, is dit kop in die lies, so hard as moontlik. 'n Paar dae later, of wanneer die koeie kalf, is daar leë koeie wat vroeër dragtig bevestig was. Nie skrikwekkend baie nie, maar kan 'n teler dit bekostig?

Na 2 jaar in 'n nuwe omgewing en 300 kalwings later, het die rooijakkalse 5 uit 230 onthoringde koeie se kalwers gevang en nie een kalf uit die horingtrop van 70 koeie nie. Kon 'n mens uit bogenoemde aflei dat daar 'n verskil in gedrag voorkom want die horing en onthoringde koeie kalf saam in dieselfde kamp onder dieselfde omstandighede? Is die jakkalse dalk versigter vir 'n horingkoei?

In die winter is dit asof die horingkoeie met meer vrymoedigheid onder die rosyntjie en ander bosse vreet. So asof die horings hulle help om die takke uit hul oë te hou. Niemand weet nog verseker watter rol horings in ekstensiewe toestande speel nie.

Horingvorm en fatsoen is net soos haar en velkwaliteit, een van die prominente aanwysers van rasegtheid. Ongelukkig is baie van ons beeste onthoring lank voor inspeksie.

Die nadele van horings is al baie beklemtoon, maar die omgewing waarin jy boer sal jou besluit bepaal.

(Uit Nguni Joernaal 2004)